

## HOOFSTUK 1

## INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

## 1.1. INLEIDING

In enige ontwikkelende land en vooruitstrewende samelewing kan daar alleenlik sprake van effektiewe groei wees as die belangrikste produksiefaktor, naamlik arbeid, in 'n ruim mate beskikbaar is. Ontwikkeling en vooruitgang bied gewoonlik op verskillende terreine van die praktyk geleenthede aan geskoolde, halfgeskoolde en selfs ongeskoolde werkers om bepaalde funksies te vervul.

In die R.S.A. as steeds groeiende industriële en landboukundige land is daar voortdurend 'n behoefte aan behoorlik opgeleide en geskoolde werkers. Die onvoldoende aanbod van geskikte arbeid van Suid-Afrikaners het tot gevolg dat daar jaarliks 'n groot persentasie van die werksmag in die buiteland gewerf moet word. Dit gaan gewoonlik gepaard met hoë koste en in baie gevalle onbekwame mense as gevolg van wisselende opleidingstandaarde. Hierdie toedrag van sake kan tot gevolg hê dat ontwikkeling en vooruitgang ook in die toekoms in 'n toenemende mate gestrem word.

Om in hierdie mannekragbehoefte te voorsien is dit noodsaaklik dat elke individu in hierdie land, volgens eie potensiaal, tot die hoogs moontlike peil opgelei en onderrig sal word ten einde 'n eie identiteit te verkry en 'n persoonlike bydrae in die samelewing te lewer. (Gordon en Wilkerson, 1966, p.1-4). Die effektiewe onderwys, opvoeding en opleiding van mense is egter 'n langtermyn projek en daarom is dit sinvol dat alles in die werk gestel sal word om vir die kinders van vandag, die volwassenes van môre, alle moontlike geleenthede te bied en fasiliteite daar te stel sodat hulle behoorlik onderwys, opgevoed en opgelei kan word.

Tradisioneel word die huis as die primêre opvoedingsmilieu van die kind beskou terwyl die primêre taak van die skool op die onderwysterrein lê. Samewerking tussen huis en skool en ouers en onderwysers word as 'n belangrike komponent in die ontwikkeling van die kind as totaliteit beskou. In die afgelope dekades het daar egter 'n drastiese klemverskuiwing plaasgevind in dié sin dat die opvoedingsfunksie van die huis in baie gevalle ook oorgeskuif word na die skool. Beide onderwys en opvoeding word nou die taak van die skool terwyl die huis teenswoordig hoofsaaklik 'n sosialiseringfunksie vervul. (Pistorius, 1976, p.122). Hierdie toedrag van sake bring mee dat die verantwoordelikheid vir die totale vorming van die kind deur die skool en die onderwysers toeneem. In die beperkte tyd van die skooldag moet die onderwysers nou soveel moontlik doen om die intellektuele- sowel as die persoonlikheidsvorming van die kinders tot sy reg te laat kom.

Die roepingsbewuste onderwysers wat die nood van 'n groot persentasie van die kinders, wat die slagoffers van hulle omstandighede is, ter harte neem sal dus andersoortige metodes en benaderings moet volg sodat hulle die tyd tot hulle beskikking meer effektief kan gebruik. Die leerlinge moet gehelp word om die maksimum voordeel uit die beskikbare fasiliteite, geleenthede en beperkte kontaktye met die onderwyser te trek.

## 1.2. PROBLEEMSTELLING

In die R.S.A. voltooi 'n groot persentasie van die skoolbevolking, ten spyte van al die fasiliteite en geleenthede, nooit hulle skoolloopbaan nie. Hulle verlaat die skool so gou as wat hulle deur die wet toegelaat word. In die praktyk gaan doen party halfgeskoolde of ongeskoolde arbeid terwyl ander werkloos bly en verval in diefstal, jeugmisdaad, ensovoorts.

Statistiek ten opsigte van die Transvaalse Onderwysdepartement vir die periode 1969-1978 toon dat gemiddeld 11% van die skoolbevolking die skool aan die einde van standerd agt verlaat het, terwyl slegs 50,2% van die skoolbevolking in hierdie periode tot in standerd tien gevorder het. (Kruger en Retief, 1979, p.60). Dit kan sekerlik aanvaar word dat van hierdie groot persentasie vroeë skoolverlaters 'n groot gedeelte wel die potensiaal en intellektuele vermoëns gehad het, maar nooit tot die vlak ontwikkel het as waartoe hulle in staat is nie. (Garbers, 1972, p.21).

In die belang van die land as 'n geheel en in belang van elke individu is dit noodsaaklik dat maniere gevind sal word waarop die aantal leerlinge wat beide sekondêre en hoër onderwys kan voltooi, vermeerder kan word. In hierdie eeu van grootskaalse outomatisasie, spesialisasie, vertegnisering en asembenemende ontwikkeling op bykans alle samelewings-terreine, is dit noodsaaklik dat die mens voortdurend besig sal wees om te leer en sy kennis te vermeerder ten einde in te skakel as effektiewe lid van die samelewing. As die aanvanklike skoolervaring van 'n groot gedeelte van die leerlinge frustrerend en onaanvaarbaar is, is dit onwaarskynlik dat hulle op 'n latere stadium oorreed sal kan word om hulleself verder te bekwaam. (Eisner, 1971, p.18-19).

Alhoewel die probleem van vroeë skoolverlating met gepaardgaande verlies aan potensieële geskoolde mense 'n baie komplekse een is, behoort die skool die uitdaging te aanvaar om vir sover dit op sy pad lê, die moontlikhede, geleenthede en uitdagings vir die leerlinge daar te stel waardeur hulle gemotiveer kan word om hulleself verder te bekwaam. Die skool kan sodoende 'n wesenlike bydrae lewer in die opheffing van die mens tot voordeel van die gemeenskap en die land as geheel.

In die lig van die sosio-ekonomiese omstandighede van baie mense in hierdie land kan sekerlik aanvaar word dat 'n relatief

groot persentasie van dié vroeë skoolverlaters milieugestremde kinders is. Dit is normaalweg kinders wat wel oor die ontwikkelingsmoontlikhede en potensiaal beskik om in alle opsigte effektief te ontwikkel, maar wat as gevolg van omstandighede en faktore buite hulle beheer so gestrem word dat daar baie min van hulle opvoeding en onderwys tereg kom.

In hierdie ondersoek is die belangrikste oogmerk om vas te stel of milieugestremde kinders deur 'n andersoortige benadering en metode van onderrig gehelp en gelei kan word om op skool te presteer en sodoende ook aan die eise wat die samelewingswerklikheid stel, te voldoen. Die primêre doel is gevolglik om te bepaal wat die invloed van die bemeesteringsleermetode in kleingroepsituasies op die leerprestasies van milieugestremde kinders is.

### 1.3. METODE VAN ONDERSOEK

Die ondersoek bestaan uit twee dele, naamlik 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek.

In die lig van die doel van hierdie ondersoek sal die literatuurstudie hoofsaaklik toegespits word op milieugestremdheid, onderrig in kleingroepsituasies en bemeesteringsleer. Ten opsigte van milieugestremdheid sal in hoofstuk 2 besondere aandag gegee word aan die kenmerke van milieugestremde kinders, die invloed van die milieu op die ontwikkeling van die kinders, die leerhandelinge van milieugestremde kinders, kognitiewe ontwikkeling, leerprobleme, leerprestasie en die faktore wat leerprestasie beïnvloed.

In hierdie ondersoek is die onderrig van die leerstof in kleingroepsituasies 'n baie belangrike faktor. Dit is daarom noodsaaklik om kennis te neem van die aspekte wat in aanmerking geneem moet word by die beplanning vir groeponderrig en groepwerk sowel as by die aanbieding van die leerstof. In hoofstuk 3 word veral aandag gegee aan faktore soos groepgrootte, die groepering en indeling van leerlinge, die

leerstof self, die aanbieding van die leerstof, en die effek van groeponderrig op leerprestasie en kognitiewe ontwikkeling.

Die metode van bemeesteringsleer word in meer besonderhede in hoofstukke 4 en 5 bespreek. As uitgangspunt word Carroll en Bloom se modelle van skoolleer gebruik. Onderwysdoelstellings in bemeesteringsleer, leerstofanalise, evaluering en die implementering van die bemeesteringsleertegniek in die klaskamer word volledig bespreek. Aandag word ook gegee aan die besondere waarde van die bemeesteringsleerbenadering vir milieugestremde kinders sowel as die probleme daaraan verbonde en die kritiek op hierdie metode van onderrig.

Die empiriese ondersoek, wat in hoofstuk 6 volledig bespreek word, behels kortliks die volgende:

Die invloed van die metode van onderrig op leerprestasie sal bepaal word deur vier groepe leerlinge, wat op 'n gestratifiseerde ewekansige wyse saamgestel is, deur vier verskillende metodes te onderrig, naamlik:

- (1) Groep 1 - Bemeesteringsleer in kleingroepsituasies
- (2) Groep 2 - Bemeesteringsleer in die gewone klassikale opset
- (3) Groep 3 - Gewone onderrig (nie-bemeesteringsleer) in die kleingroepsituasie
- (4) Groep 4 - Gewone klassikale onderrig (nie-bemeesteringsleer).

'n Week na afhandeling van die leertaak, bestaande uit vier leerelemente, sal die vier groepe leerlinge dieselfde summatiwew toets aflê. Die resultate van hierdie toets is die afhanklike veranderlike in hierdie ondersoek.

Al die betrokke leerlinge sal ook 'n biografiese vraelys voltooi. Die doel hiermee is om meer gegewens soos byvoorbeeld sosio-ekonomiese status, akademiese aspirasies, verhoudinge in die gesin, ingesteldheid teenoor die skool, ensovoorts te verkry. Hierdie gegewens word as onafhanklike veranderlikes in hierdie ondersoek hanteer.

Die invloed van die onafhanklike veranderlikes op die afhanklike veranderlike sal onder andere deur meervoudige regressie-analise bepaal word.

In hoofstuk 7 word 'n uiteensetting gegee van die navorsingsresultate wat in hoofstuk 8 volledig bespreek word. Die gevolgtrekkings, samevatting en aanbevelings van hierdie ondersoek word ook in hoofstuk 8 uiteengesit.